# Thandi, Toffie en die Virus

CHRISTINE GERBER
**Bibliotekaris, Worcester Biblioteek**

Krazy Katz en **Huisgenoot** / **You** bied jaarliks 'n tweetalige projek aan om lees te bevorder. Hierdie jaar se produksie word Thandi, Toffie en die Virus genoem. Die teks is geskryf deur Margit Meyer-Rödenbeck (Dowwe Dolla) en die musiek deur Pedro Kruger. Thandi en Toffie het gedurende die afgelope twee jaar op 'n speel-speel manier aan 190 000 maats vertel dat dit baie lekker is om te lees.




In hierdie jaar se produksie word die wonderwêreld van die rekenaar deur die twee ontdek. Hulle leer om te kommunikeer, die 'world wide web' te 'surf' en om rekenaarspeletjies te speel. Wacky is vasbeslote om Thandi in 'n rekenaarvirus te verander en Toffie moet alles probeer om haar te red.

Die vertoning is gemik op kinders tussen vier en tien jaar oud, duur 30 minute lank en is gratis. Die vertoning is gevul met musiek, dans en aktiewe deelname van die gehoor.

Op 8 Mei vanjaar is kleuterskole en crèches uitgenooi om hul kinders na Worcester Biblioteek te bring. Ongeveer 300 kinders het drie vertonings bygewoon. Die kinders se deelname en onverdeelde aandag was 'n duidelike aanduiding dat hulle die vertoning baie geniet het.

Skole word gereeld besoek met die vertoning, maar indien enige biblioteek sou belangstel, kan Marinda Engelbrecht gekontak word by 082 4467 265.

*Links: Thandi en Toffie in aksie*